

## Kammaland

Vandag gaan ons weer Kammaland toe. Vat mamma se hande en maak jou ogies toe. Draai drie keer in die rondte. Stop, maak oop jou ogies en gaan sit!

Welkom in Kammaland. Manie en Nettie wag al om vir jou 'n nuwe klankie te leer.

“Hallo maatjie, vandag gaan ek weer 'n bietjie na die boer se huis stap. Nettie, kom jy saam?” vra Manie.

“Ek is bbbbang, Manie! Sê nou die boer kom daar uitgestap en sien ons dan raak.”

“Ag ou Nettie, jy is ook vir alles bang. Wel ek is nie!

Ek's 'n dapper haas, kyk hoe stap ek op die plaas

En daar is niks wat my kan vang nie!

Vir niemand is ek bang, want daar is niks wat my kan vang.

Ja, daar's niks waarvoor ek...”

“Manie, kyk daar...” skree Nettie skielik.

“Waar Nettie?”

“Dit is die bbbb...boer, Manie!”

“Die bbbb...boer. Ja, ek sien hom nou Nettie. Daar staan hy met sy groot sak. Ek gaan nou stadig agteruit kruip Nettie, voordat ou Basie die boer my sien. Sjoe Nettie, dit was nou amper of Basie die boer het my gesien en wat sou dan gebeur het!”

“Jy wil mos so 'n ou grootprater wees Willie! Maar Willie, ons het 'n nuwe klankie by die boer geleer. Dit is die **b-klankie**. Hy het daar gestaan met die sak wat hy vashou. (Mamma trek met jou vinger van die boer se kop tot by sy tone, en vorm die sirkel regsom waar die sak is.)- Dit kan die boer se boep-pensie ook wees.

“Wel maatjie, ek is bbbbaie bbbby dat die bbbbboer my nie gesien het nie. Jy moet ou Basie Boer se klankie oefen hoor! Ta-ta!

Vat weer mamma se hande, maak toe jou oë en draai drie keer in die rondte. Maak nou oop jou oë en onthou om jou nuwe klankie te oefen.

